



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

BYBELKENNISEKSAMEN – 2023

GRAAD 4 – VRAESTEL

BESTEK: Ou Testament: Rut 1-4 | Nuwe Testament: Johannes 1-3 | Les: 1-9

AFDELING A – RUT 1-4

VRAAG 1: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 1.1 Wie het regeer in die tyd van Eliméleg? (Rut 1:1)
a) Saul b) Dawid c) rigters d) Nebukadnésar
- 1.2 Wat was die name van Naómi se seuns? (Rut 1:2)
a) Kain en Abel b) Maglon en Giljon c) Jakob en Esau d) Markus en Matthéüs
- 1.3 Wat was Naómi se skoondogters se name? (Rut 1:4)
a) Ragel en Lea b) Martha en Maria c) Rut en Orpa d) Maria en Magdalena
- 1.4 Uit watter volk was Naómi se skoondogters? (Rut 1:4)?
a) Israeliete b) Mídiante c) Edomiete d) Moabiete
- 1.5 Waarheen het Naómi en haar twee skoondogters toe besluit om te trek? (Rut 1:7)
a) Juda b) Egipte c) Mídián d) Moab

VRAAG 2: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

losser, Mara, Obed, hongersnood, Boas

- 2.1 Naómi het haar naam verander na _____. (Rut 1:20)
- 2.2 Eliméleg en sy gesin het weggetrek, omdat daar _____ in die land was. (Rut 1:1)
- 2.3 Naómi het 'n bloedverwant gehad van haar man se kant, naamlik _____ (Rut 2:1) en hy was hul _____. (Rut 2:20)
- 2.4 Rut en Boas se seun se naam was _____. (Rut 4:17)

VRAAG 3: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS. MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 3.1 Boas het vir Rut by die koringlande weggejaag. (Rut 2:8)
- 3.2 Boas was een van twee lossers vir Eliméleg se geslag. (Rut 3:12)
- 3.3 Boas was die naaste lossen en het eerste reg gehad om met Rut te trou. (Rut 3:12)

- 3.4 Nadat Rut by Boas se voetenent gaan lê het, het hy vir haar baie geld gegee om terug te vat. (Rut 3:15-16)
- 3.5 Boas het 10 manne uit die oudstes van die stad geneem as getuies tydens die bespreking van wie lossingsreg op die stuk grond van Naomi het en wie met Rut moet trou. (Rut 4:2)
- 3.6 Dit was in daardie tyd die gebruik in Israel om by lossing en ruiling baadjies te ruil om die saak van krag te maak. (Rut 4:7)
- 3.7 Ragel en Lea het saam die huis van Israel gebou, volgens die oudstes en mense in die poort. (Rut 4:11)
- 3.8 Rut was kinderloos. (Rut 4:13)
- 3.9 Obed was vir Naómi meer werd as sewe seuns. (Rut 4:15)
- 3.10 Obed was koning Dawid se oupa. (Rut 4:22)

20 Punte

AFDELING B - JOHANNES 1-3

VRAAG 4: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 4.1 *In die begin was die _____ ...* (Joh. 1:1)
a) lig b) waarheid c) Woord d) aarde
- 4.2 Wat skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie oorweldig nie? (Joh. 1:5)
a) die lig b) die lewe c) die waarheid d) die begin
- 4.3 Wat noem Jesus elkeen wat Hom aanneem en in Hom glo? (Joh. 1:12)
a) kinders van God b) sondaars c) wyses d) slawe
- 4.4 Johannes het gesê Jesus is die _____ van God wat die sonde van die wêreld wegneem. (Joh. 1:29)
a) leeu b) man c) duif d) Lam
- 4.5 Toe Jesus die tempel gereining het, het Hy 'n sweep van toutjies gemaak en die mense wat beeste, skape en _____ verkoop het, asook die geldwisselaars, uit die tempel gejaag. (Joh. 2:14-16)
a) varke b) duiwe c) donkies d) hoenders

VRAAG 5: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

Ieraar, Kana, Fariseërs, God, Lam

- 5.1 *In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was _____.* (Joh. 1:1)
- 5.2 *... en toe hy [Johannes] Jesus sien wandel, sê hy: Dáár is die _____ van God!* (Joh. 1:36)
- 5.3 Jesus verander water in wyn op die bruilof in _____. (Joh. 2:1)
- 5.4 En daar was 'n man uit die _____ met die naam van Nikodémus. (Joh. 3:1)
- 5.5 *Jesus antwoord en sê vir hom: Jy is die _____ van Israel en jy weet hierdie dinge nie?* (Joh. 3:10)

VRAAG 6: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.

MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 6.1 Een van Jesus se eerste dissipels was Matthéüs. (Joh. 1:41)
- 6.2 Johannes die Doper het gesê hy is 'n profeet. (Joh. 1:21)
- 6.3 Die "Woord" van Johannes 1:1 is Jesus self. (Joh. 1:1)
- 6.4 Die woord "Rabbi" beteken, as dit vertaal word, "Meester". (Joh. 1:39)
- 6.5 Die Woord "Messias" beteken, as dit vertaal word, "die Christus". (Joh. 1:42)
- 6.6 Die tempel is in ses-en-sestig jaar gebou. (Joh. 2:20)
- 6.7 Martha het na Jesus toe gekom en gesê dat hulle geen wyn het nie. (Joh. 2:3)
- 6.8 Toe Jesus van "die tempel" gepraat het, het Hy van sy liggaam gepraat. (Joh. 2:18-22)
- 6.9 Aäron het die slang in die woestyn verhoog. (Joh. 3:14)
- 6.10 *Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe ...* (Joh. 3:36)

20 Punte

AFDELING C - LES 1-9

VRAAG 7: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.

MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 7.1 Deur die geloof het die mure van Jérigo geval. (Les 1)
- 7.2 Die manne van Gideon moes uitroep: *Die fakkel van die HERE en van Gideon!* (Rigt. 7:20)
- 7.3 Simson was 'n nasireër. (Les 3)
- 7.4 Eli en sy seuns het op dieselfde dag gesterf. (Les 5)
- 7.5 Íkabod beteken "weg is die eer". (Les. 5)

VRAAG 8: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

- 8.1 'n Belofte aan die HERE word 'n _____ genoem. (Les 6)
- 8.2 *Kyk, om _____ te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.* (Les 7)
- 8.3 Dawid sê vir Goliat: *Ek kom na jou in die _____ van HERE van die leërskaare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het.* (Les 8)
- 8.4 Dawid wou nie vir Saul doodmaak nie, want, het hy gesê, *hy is die _____ van die HERE.* (Les 8)
- 8.5 *Skep vir my 'n _____ hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees.* (Les 9)

10 Punte

TOTAAL: 50 PUNTE